# menlo-insig

**25/2023**

## LIEWE MENLO

Die eerste tekens was subtiel... gedemp: 'n Harmonie wat pouse geneurie word, 'n voet wat saggies op die maat van Wiskunde stamp en sketse van suikerhuisies wat versigtig tydens periodes gesirkuleer word. Ofskoon niemand onraad vermoed het nie, was dit teen 2 September duidelik: Daar is 'n kulturele revolusie op Menlo-bodem aan't broei en die talentvloed is onstuitbaar.

Die prop is verlede week gelig om 'n bruisende fontein van deelname en entoesiasme in die AfriForum Teater los te laat. Dit is hier waar talent vrye teuels het om die oë te betower, die ore te bekoor en die gehoor te verstom.

Teatergangers is met die intrapslag deur skilder- en tekenkuns verras en toe die gordyn oplaas lig, het die gewig van Menlo-talent die planke laat knars. Genres is geskommel om die gehoor aan die raai te hou, terwyl die kwinkslae van die seremoniemeesters gesorg het dat Menlo-lagspiere enige fiksheidstoets sal slaag.

Baie dankie aan me. Carlien Heckler en haar bekwame span vir 'n verskeidenheidskonsert met verskeidenheid. Die bydrae van Menlo se kunsdepartement kan nie geringgeskat word nie en daarvoor rig die skool 'n spesiale woord van dank aan mee. Mariana de Klerk en Ilze van Niekerk.

Daar was nie 'n enkele lid van die gehoor wat nie deur Menlo se kaleidoskoop van talent gehipnotiseer is nie.

Njannieskapêla!

*Die Insig lê vir eers die pen neer en sien daarna uit om in Oktober verslag oor die Parkies se vakansie-aktiwiteite te lewer. Lekker rus!*

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word daaraan herinner dat die weeklikse gebedsbyeenkoms op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind. Kontak gerus 082 579 4968 indien u saam wil bid.

*Die Here seën jou en bewaar jou, skyn Sy aangesig oor jou. Die Here draai Sy gesig na jou, mag Hy jou vrede gee. Amen.*



# DAGBOEK

**21/9**
Robotika: Interne kompetisie
Jive: Aksienaweek
Atletiek: TUT-Top-12 (Pilditch)
Rugby: 7's Noordvaal (Weg)
Tennis: o. 15-toernooi (AHMP)

**23/9**
Fietsry: Liga 5 (Prime View)

**25/9**
Erfenisdag

**26/9**
Netbal: Tekkielympics

**28/9**
Matriekafskeid /
Menlo sluit: 11:00
(Inligting volg)

**29/9**
Atletiek: Top 10 (Mosselbaai)













**Januarie 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |

**Februarie 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | | |

**Maart 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**April 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | | | | |

**Mei 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

**Junie 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | | | | | | |

**Julie 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |

**Augustus 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**September 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |

**Oktober 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

**November 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

**Desember 2024**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

**OPENBARE VAKANSIEDAE 2024**

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart | Menseregtedag |
| 29 Maart | Goeie Vrydag |
| 1 April | Gesinsdag |
| 27 April | Vryheidsdag |
| 1 Mei | Werkersdag |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 17 Junie | Openbare vakansiedag |
| 9 Augustus | Nasionale Vrouedag |
| 24 September | Erfenisdag |
| 16 Desember | Versoeningsdag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |

**SLEUTEL**

- Naweke
- Administrasiedae
- Skooldae
- Openbare vakansiedae
- Skoolvakansie

| KWARTAAL | DUUR | AANTAL WEKE | AANTAL DAE | OPENBARE VAKANSIEDAE | AANTAL SKOOLDAE |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (15) 17 Januarie - 20 Maart | 10 | 46 (48) | 0 | 46 (48) |
| 2 | 3 April - 14 Junie | 11 | 53 | 1+0 | 52 |
| 3 | 9 Julie - 20 September | 11 | 54 | 1+0 | 53 |
| 4 | 1 Oktober - 11 (13) Desember | 11 | 52 (54) | 0 | 52 (54) |
| | Totaal | 43 | 205 (209) | 2+0 | 203 (207) |





# AKADEMIE

## Het jy geweet?

Wie weet dat olifante nie kan spring nie, dat krokodille hulle asem vir twee dae kan ophou en dat water op dieselfde tyd kan kook en vries? Die Parkies, Talia Jonker, Jana Joubert en Conrad Ehlers, natuurlik! Dié ingeligte graad 8-trio het die skool onlangs by Tshwane-Suid-distrik se NW-vasvrakompetisie verteenwoordig en so goed gevaar dat hulle hulle staal in Oktober in die provinsiale ronde sal wys.

Wie weet watter skool se graad 8's die slimste is? Almal weet! Die Insig wens hierdie skrander Parkies alles van die beste toe en sien daarna uit om die uitslae van die provinsiale ronde te ontvang. Knap gedaan, Menlo!

## Intelligensie x Pret = Kreatiwiteit

Einstein beweer dat kreatiwiteit die gevolg is van intelligensie wat pret het. Kyk 'n mens na die indrukwekkende manier waarop die graadagts en -neges hulle kennis oor tegnologie hierdie kwartaal toegepas het, kan jy slegs een afleiding maak: Die Parkies is beide intelligent en kreatief!

Die uitdaging wat aan die graadagts gestel is, was om 'n funksionele mynskagtoring uit herwinningsmateriaal te bou. Voor jy kon sê, *hys*, het die groepe met take opgedaag wat alle verwagtinge oortref het en selfs swaargewig albasters die lug in kon optrek.

"Bou 'n toestel wat skreeu en skyn," was die taak wat aan die graadneges gegee is; 'n geleentheid wat hulle met albei hande aangegryp het.

Vreemde, skril geluide het die afgelope tyd oor die Menlo-bodem weergalm. Die Insig het eers gedink dat daar dalk 'n skroef in die Insigkantoor los is, maar daar is by nadere ondersoek vasgestel dat dit die graadneges se toestelle is wat waarskuwingseine uitstuur. Knap gedaan, Parkies!










# KULTUUR

## **Menlovaria** (Me. Ester Cloete)

*Sodra die geur van jasmyn Pretoria se sonsak begin veredel, word daar vere reggeskud in Menlo se kultuurgeledere.*


*Lentetyd is Menlovaria-tyd!*

*Op Menlo-bodem pronk ons absolut trots met alles wat soos kultuur proe.*

*Stories en gedigte vloei moeiteloos uit skrywerspenne. Kunswerke pryk na kwistige kwashale. Watertandkoeke en potjies kry gestalte onder bedrewe kokke se hande. Musiek, liriek en dans bekoor terwyl vaardige woordmeesters met redeneer en dramatiseer almal aan hulle lippe laat hang. Fotograwe verewig vernuftig 'n oomblik in tyd. Weggooigoed word tydloos omskep in stylvolle rokkies!*

*Kom smul saam aan die kultuurbederf van Menlo!*
































# DRAMA

## Menlo-toneelverhaal vervolg...

Die skool se toneelgeselskap het vanjaar ongekende sukses behaal; daar is soveel toekennings opgeraap dat dit nie in 'n enkele Insig-uitgawe kon inpas nie. Daar is verlede week oor Plekke, Spier en Hansie Slim berig en vandeesweek is die volgende vyf tonele op die agenda.

Baie geluk aan Menlo se akteurs, regisseurs en tegniese ghoeroes wat in die volgende produksies diens gedoen het:



### Fliek op 'n Vrydagaand

Brons: 5
Silwer: 7










### Tydelik

Brons: 13
Silwer: 8

Spesiale toekennings:
Spel: Brons vir Rijanli Oerlemans






### Per Pos

Brons: 6
Silwer: 5

Spesiale toekennings:

Spel: Brons vir Zalbert Schoombee en Bea Smit








### Lomp In My Liefde

Brons: 7
Silwer: 1

Spesiale toekennings:

Spel: Brons vir Juan Leuschner

Ensemble: Brons









### As Ek

Brons: 6
Silwer: 2





# OMGEE

## Menlo maak harte oop

*“A kind gesture can reach a wound that only compassion can heal.”* (Steve Maraboli)

Hoop lyk nie vir almal dieselfde nie. Party mense vind hoop in die belofte van lente en reën. Party vind hoop wanneer die son soggens opkom, terwyl die optrede van mense vir party ander hoop bring.

Vir mense wat nie self kan gee nie is wegkruipplek min. Hulle staan met brose harte in hulle hande met die hoop dat iemand vir hulle hoop kan gee. Dit bly ’n kuns om hoop op so ’n manier aan te bied dat dit heelmaak en nie aan ander se menswaardigheid raak nie.

Dit was ’n voorreg om die ryk oes wat tydens Omgeeweek ingesamel is vandeesweek uit te deel en ’n kitskykie in organisasies soos die Abraham Kriel Kinderhuis, Brainlife, Daybreak Babahuis, Wollies, Loerie Jeugsentrum en Gracia Haven Kinderhuis te kry – ’n ervaring wat ’n blywende indruk op elke Parkie-hart gemaak het.

Die skool bedank graag die omgeekomitee onder leiding van mnr. Willem Botha en Elrisha Ras (Matriekraad) vir hulle reëlings asook me. Michelle Scholtz wat die besoekers met ’n heerlike happie bederf het.









# GEES

## Parkies is jolig, dit kan julle glo…


In ’n kwessie van 24 uur is die Menlo-bodem in ’n sprokie vir die gr. 10-bal omtower. Die towenaars (ook bekend as graad 10-ouers) het saamgespan om Menlo van statig na jolig te transformeer sodat die graad 10’s die aand in styl kon geniet.


Skoolrokke het plek vir skemerkelktabberds gemaak, skoolhemde is vir swierige pakke verruil en die graad 8- en 9-Parkieraad het hulle skooltasse met skinkborde vervang.

Baie dankie aan elke ouer wat tot die sukses van hierdie gesellige geleentheid bygedra het – van liggies hang en meubels skuif tot koeldrank skink, hekdiens doen en opruim – én aan mee. Anina Calitz, Nataly Swart, mnr. Royes Auret en die graad 10-voogde vir hulle betrokkenheid.

Tien uit tien is die enigste manier om die bal en die graad 10’s se optrede te beskryf: **j**oviaal, **o**ngelooflik, **l**ewenslustig, **i**ndrukwekkend en **ge**sellig.

Te oordeel aan die heerlike happies, pragtige uitrustings en die grootte van die graad 10’s se glimlagte het die graadneges van 2023 baie om in 2024 na uit te sien!














# RUGBY

## Rats. Ratser. Menlo!


Slegs veertien minute. Dit is al wat Menlo se ratsrugbyspanne nodig gehad het om die opponente te systap, die ore plat te trek en die hasepad na die doellyn te kies. Die prestasies van die skool se sewesspanne is 'n klinkklare bewys dat Menlo-rugby oor die nodige talent beskik om sukses te behaal. Baie geluk aan die spelers en afrigters wat uitstekende uitslae by Hoërskool Eldoraigne se sewestoernooi behaal het.

Die Menlo-manne het hier onderstreep dat hulle rugbykrag nie onderskat moet word nie deur onderskeidelik die eerste (o. 15) en tweede plek (o. 17) te behaal.

So beïndruk was die Blou Bulkeurders met die Menlo-manne dat drie spelers in die Blou Bulle se o. 17-span ingesluit is. Baie geluk aan Anwill Prins, Naylan Albertus en Leskin Samuels.







**O. 17** vs. Montana 1: 35-10 | vs. Overkruin: 24-12 | vs. Erasmus: 40-5
Kwarteind: vs. Montana 2: 50-0 | Semifinaal: vs Zwartkop: 31-5 | Finaal: vs Affies: 24-3
Speler van die Wedstryd: Leskin Samuels

**O. 15** vs. Sutherland: 68-0 | vs. PTA-Noord: 49-21 | vs. Eldoraigne: 14-14
vs. Montana 2: (Montana onttrek) | Kwarteind: vs. Wonderboom: (Wonderboom onttrek)
Semifinaal: vs. Montana: 19-17 | Finaal vs. Waterkloof: 21-12

# MUURBAL

## Menlo-muurbal begin seisoen op hoë noot

Muurbal is nie vir sissies nie.

Die langste houespel tussen twee spelers het in 2016 plaasgevind; dit het een uur, vier minute en agt en twintig sekondes geduur en 2 536 houe is afgevuur. Die Forbes-tydskrif bestempel muurbal as die sport wat die meeste gesondheidsvoordele inhou, want 'n uur se swoeg kan nagenoeg een duisend kalorieë verbrand. Sean Connery, bekend vir sy rol as James Bond, het sy gespierde voorkoms aan muurbal te danke en dié sport is dalk binnekort op die Olimpiese verhoog te sien. Dit is dus geen wonder nie dat dié sport groot aanhang onder die Parkies geniet.

Die gordyn het verlede week vir die 2023/2024-seisoen gelig en die eerste NJSA-toernooi is afgehandel. Menlo spog met 'n halfdosyn spelers wat onder die voorste vyf spelers in hulle ouderdomsgroepe geëindig het én 'n wenner! Knap gedaan aan die afrigters en ons MMA-ambassadeurs! Menlo-muurbal kook!

Baie geluk aan die spelers wat top-5-posisies behaal het:

| | | |
|---|---|---|
| O. 16 A (seuns) | Riaan Agenbacht: 4de | |
| O. 16 B (seuns) | Conrad Ehlers: 1ste | Dewald de Graaf: 4de |
| O. 19 A (seuns) | JD Smuts: 3de | Ruan Hendriks: 5de |
| O. 16 (dogters) | Leila Retief: 4de | |













# KRIEKET

## Menlo-kolwe doen die praatwerk; opponente is tjoepstil!

Dit is duidelik dat oud-Menloparker, Heinrich Klaasen, se onlangse spogvertoning teen die manne van Doer Onder as inspirasie vir die Parkies gedien het.

Die eerste- en tweedespanne het verlede week vir 'n stryd teen die stad se krieketreuse aangetree. Daar is vooraf bespiegel, gedebatteer, geredeneer, gefilosofeer en selfs gegons oor watter span die wenlopies sou moker, maar niemand kon met sekerheid sê wat die dag sou inhou nie. Die Parkies het hulleself egter een doel voor oë gestel, die wedstrydplan stap vir stap gevolg en hulle nie deur die opponente laat intimideer nie.

Ewald Meyer en Steve Stolk het die hakskene vir die eerstes voor die penne ingeslaan om die dag met puik honderdtalle af te sluit om sodoende die achilleshiel in die opponente se boulmondering te ontbloot. Steve het sy kolfvertoning met 'n uitstekende boulontleding opgevolg om die manne in groen se lig uit te doof en 'n oortuigende oorwinning te beklink. #ParkiesIsVeelsydig

Die opponente krap waarskynlik steeds kop oor metodes om Daniël Pienaar se paaltjie te laat kantel. Daar is vergeefs probeer om hom met opslagballe te peper en selfs die draaiers het geen effek op sy kolfsukses gehad nie. Toe Marcus de Aguiar hom eers by Daniël aansluit, was die gort gaar! Die opponente het eindelik moed verloor en Daniël het die dag met die afkorting *n.u.n.* agter sy naam afgesluit.

Menlo se stewige kolfvertoning is deur knap boulwerk ondersteun en daarvoor moet Thomas de Wit en Jean le Roux bedank word.

Menlo-talent strek egter verder as Ewald se sesse. Ivan Ramushu se boulsyfers is 'n bewys dat dié man weet hoe om 'n pen te ontwortel en dat elke Menlo-span van talent oorloop.

Knap gedaan aan die afrigters, spelers en ondersteuners. Die harde werk wys!

Hier volg die uitslae:

**Menlopark 1ste XI teen Affies 1ste XI**

| | |
|---|---|
| Menlo | 278/9 (Ewald Meyer 102, Steve Stolk 104) |
| Affies | 176 almal uit (Steve Stolk 3/34) |

Menlo wen met 102 lopies.

**Menlopark 2de teen Waterkloof 2de XI**

| | |
|---|---|
| Waterkloof | 185 almal uit (Thomas de Wit 3/46, Jean le Roux 2/23) |
| Menlo | 186/4 (Daniël Pienaar 75*, Marcus de Aguiar 45) |

Menlo wen met 6 paaltjies.

**Menlopark 4de XI teen Montana 3de XI**

| | |
|---|---|
| Menlo | 187 almal uit (Seth Vorster 32, Nieuwoudt Slabbert 32) |
| Montana | 116 almal uit (Ivan Ramushu 4/17, Regardt Pienaar 2/15) |

Menlo wen met 71 lopies.

**Menlopark 3de XI teen Zwartkop 2de XI**

| | |
|---|---|
| Zwartkop | 270 almal uit |
| Menlo | 218 almal uit |

Zwartkop wen met 52 lopies.

# SPOG





## Parkie-sportsterre maak golwe

Van vlieghengel tot lewensredding en atletiek... Parkies maak golwe!

Daniël van Wyk (gr. 8) is 'n Parkie wat weet hoe om die wind te lees om stroom-op prestasies te behaal. Daarby het hy geen tekort aan geduld nie en is hy ook nie bang om koud te kry nie. Daniël is 'n trotse lid van Gauteng-Noord se vlieghengelspan wat binnekort aan Suid-Afrika se vlieghengelassosiasie se nasionale jeugkampioenskap in Douglas, aan die oewer van die Oranjerivier, sal deelneem. Die Insig wens vir Daniël sterkte toe en hoop dat die grote nie sal wegkom nie.

Antonie Pieterse (gr. 12) is ewe tuis op Menlo-bodem as in die water. Hierdie brawe Parkie laat hom nie deur die golwe van die Atlantiese Oseaan stuit nie; hy hardloop die golwe trouens tegemoet om hulle onverskrokke aan te durf. Hierdie branderbreker weet nie net hoe om branders te lees nie, maar ook hoe om hulle te stuit. Sy merkwaardige kennis, vaardighede en fiksheid is verlede week by die Statebondspele vir lewensredding in Kanada ingespan waar Antonie een goue medalje en twee silwer medaljes verower het.

Alicia Khunou (gr. 11) se atletiek-CV is byna so lank soos die laaste periode op 'n Vrydag. Sy is die Menlo-kampioen, die A-bond-kampioen, die SA kampioen, die Statebondkampioen en nou is sy ook as Momentum en GSport se SuperSport Schools Sports Star aangewys. Die Insig het 'n sterk vermoede dat hierdie sportster in 2028 'n draai in Los Angeles sal maak en hou haar vordering belangstellend dop. Volg gerus die skakel om na die wennersaankondiging te kyk.

# KRIEKET



















# MARKPLEIN



TOYOTA
NMi TOYOTA MENLYN
Legendary deal
HILUX DOUBLE CAB, LEGEND 4X4 RS AUTO
ONLY R899 900
HILUX
Colette Nel
New car Sales Executive
012 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply

Skin • Body
Aesthetics
Scan QR Code
PRICE LIST
WEBSITE
follow us on:
Skin and Body Aesthetics
072 490 5395
334 Brooklyn Rd, Menlopark
(entrance in 10th Street)
1,3km from Hoërskool Menlopark




TOYOTA
NMi TOYOTA MENLYN
Vitz special ONLY R169 000
SAVE 20K
VITZ
Colette Nel
New Car Sales Executive
082 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply




NGUNI
MOON
VLEISVERWERKING
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif




KRAZEEE
party supplies
Carin Janse van Rensburg
krazeeeparties@gmail.com
084 581 4341
144 Caribaeastraat, Lynnwoodrif










# Spesiale aanbieding

Feesjaarkoffiebekers: R40 / Feesjaarbeker-en-sokkie-kombinasie: R200

Beskikbaar by Ontvangs / Terwyl voorraad hou.

**Onthou: Menlo is kontantloos.**